# PERSVRYSTELLING

**VIR ONMIDDELLIKE VRYSTELLING**

2 Oktober 2015

---

# Graan SA Vier Landbouontwikkeling

Graan SA het die suksesse van sy landbouontwikkelingsprogram gister in Bloemfontein gevier tydens 'n vreugdevolle geleentheid. Die funksie, wat bygewoon is deur meer as 200 gaste, het verteenwoordigers van die regering, landboubelanghebbendes en ongeveer 140 opkomende graanprodusente ingesluit. Bestaande uit drie kategorieë, vereer die Dag van Feesviering Bestaansboere, Kleinskaalboere en Nuwe Era Kommersiële boere en hul bydrae tot die land se voedselsekuriteit. Met so baie suksesstories, gee hierdie dag Graan SA die geleentheid om landbouontwikkeling te vier en erkenning te gee aanduitnemendheid in die veld en transformasie in graanproduksie.

Die ***2015 Graan SA/ABSA/John Deere Financial Nuwe Era Kommersiële Boer van die Jaar*** is toegeken aan Salomo Masango van Carolina in Mpumalanga. Vir die eerste keer in die geskiedenis van die kompetisie, het Masango 'n John Deere 5403 MFWD trekker gewen wat geborg is deur John Deere Financial in vennootskap met ABSA. "Ons is toegewy aan hulle wat gekoppel is aan die grond," het Antois van der Westhuizen, kleinhandelfinansieringshoof: Sub-Sahara Afrika, John Deere Financial tydens die viering van hierdie mylpaal gesê. Masango boer op Brakspruit behorende aan Ubuhle Uyazenzela CPA. Vanaf Masango se toetrede tot die Graan SA landbouontwikkelingsprogram in 2012 en die Carolina-studiegroep in 2014, het Masango 150ha mielies geplant en sy gemiddelde opbrengs van 3,5 ton/ha tot 6 ton/ha in die afgelope jaar verhoog en 200ha sojabone geplant met 'n gemiddelde opbrengs van 1,5 ton/ha. Verheug oor sy toekenning, het Masango die Here en sy vrou van 15 jaar bedank vir die ondersteuning en aanmoediging. "Al die ander werke wat ek gedoen het voordat ek begin boer het, was net die begin van my loopbaan, maar waar ek nou is, daar lê my passie," het Masango gesê. Die ander finaliste in die kategorie was Vuyani en Lungelwa Kama van Maclear en Maseli Letuka van Kestell.

Die ***2015 Graan SA/Syngenta Kleinskaalse Boer van die Jaar*** is toegeken aan Daliwonga Nombewu van Mthatha. Na 'n loopbaan as 'n taxi-bestuurder, het Nombewu 'n belangstelling in boerdery ontwikkel en by 'n Graan SA studiegroep genaamd Siyakhula Gxididi Mielies Projek aangesluit waar hy ook verskeie kursusse bygewoon het. Nomwebu het 13ha mielies aangeplant en verwag 'n gemiddelde opbrengs van 4,5 ton/ha. Die ander finaliste in die kategorie was Salphanius Motswenyane van Lichtenburg en Lawrence Mtsweni van Nigel.

Die ***2015 Graan SA/ABSA Bestaansboere Boer van die Jaar*** toekenning het gegaan aan Ngubengcuka Christian Moyo van Maclear. Nadat hy besef het dat hy 'n lewe uit boerdery kan maak, het Moyo sy werk by

die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye bedank en sy boerderyloopbaan in 2008 op kommunale grond begin. Ngubengcuka het 2,5ha mielies op droëland geplant en het geenbewerkingspraktyke vanaf die 2013/2014 plantseisoen begin toepas. Hy plant slegs met die hand, aangesien hy glo dat trekkerimplemente sy lande verniel. Die ander finaliste in hierdie kategorie was Jabulani Abednego Mbele van Winterton en Musawenkosi David Ntombela van Bergville.

Ter erkenning aan die belangrike rol van dié boere wat nie groot stukke grond het om te bewerk nie, het Graan SA se Landbouontwikkelingsprogrambestuurder, Jane McPherson gesê die standaard styg jaarliks in al drie die kategorieë en dit raak al hoe moeiliker vir die paneel van beoordelaars om die wenners aan te wys. "So baie boere wil deelneem en ingesluit word en elke persoon se storie is uniek en inspirerend. In hierdie kompetisie ding mans en vroue gelyklik deel en bereik die vroue ook die vlakke van uitnemendheid", het McPherson gesê.

Daar is met deernis verwys na die "Oes van Produsente" tydens die 2015 Dag van Feesviering wat 'n hoogtepunt op die Graan SA kalender is en as getuienis dien van die organisasie se doel om produsente te help om genoeg voedsel te produseer vir 'n steeds groeiende Suid-Afrikaanse bevolking. Met die bedanking van Graan SA se vennote, finansiers, borge en belanghebbendes, het Jannie de Villiers, uitvoerende hoof van Graan SA bevestig dat "Ons nie sal ophou werk om finansiering te bekom vir ons opkomende produsente om sodoende voedselsekerheid te verseker nie. Die mees bemoedigende ontwikkeling is die feit dat meer en meer van hierdie boere kommersiële opbrengste kry omdat hulle die praktyke toepas wat hulle geleer is".

Graan SA wil graag hiermee alle borge bedank vir hul bydraes en ons waardering uitspreek vir hul ondersteuning.

**Einde**

**Uitgereik deur:**
Graan SA Kommunikasie
2 Oktober 2015

**Verdere navrae:**
Alzena Gomes, Skakelbeampte, Graan SA
086 004 7246 | alzena.gomes@grainsa.co.za
www.grainsa.co.za

*Sponsored by:*